

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 22: *Vayak'hel*: Bymekaar Roep

Mosheh het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Hierdie is die dinge wat יהוה julle beveel het om te doen. Ex. 35:1 – PWL¹

Torah: Exodus 35:1 tot 38:20

Haftorah: 1Kon. 7:13 tot 26 en 40 tot 50.

Nuwe Verbond: Heb. 8:1 tot 5; Heb. 9:1 tot 28; Heb. 10:26 tot 31; 1Kor. 3:9 tot 17; 1Kor. 12:4; 2Kor. 9:1 tot 15; Jak. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 22 wat afgelaai kan word by:
http://nuwelied.info/?page_id=1182

A lie can travel half way around the world while the truth is putting on its shoes – Charles Spurgeon.

For every good reason there is to lie, there is a better reason to tell the truth – Bo Bennett.

There's nothing so kingly as kindness, and nothing so royal as truth – Alice Cary.

Searching for Truth requires Effort – Accepting Truth requires Humility – Teaching Truth requires Knowledge – Defending Truth requires Heart – Living Truth requires Dedication – Standing for Truth requires Courage – Standing 'in' Truth requires the Calm Resolve of Wisdom in the Torah of Yahweh.

There have been many things reinforced as true 'Knowledge' over and down thru the years. But I have learned that 3 things about truth: Volume will never make a lie a Truth, Repetition will never make a lie a Truth and Ignoring the details of the Truth will never make you Honest – Torah Without Rabbis.

The presence of truth tellers always makes truth deniers uncomfortable – Hal Lindsay.

It is better to declare the truth and be rejected, than to withhold it just to be accepted – Anonymous.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

The way you treat יהוה's Torah is the way that He will treat You – Anonymus.

*Truth heals. Truth transforms. Truth prevails. You don't change truth. Truth changes you –
Shane Idleman.*

Torah Bespreking

Hersiening

Die hoogtepunt van verlede week se Torahskriflesing was die aanbidding van die goue kalf wat tot vandag 'n belangrike lewensles vir ons elkeen inhou, naamlik om versigtig te wees dat ons nie ook 'n “goue kalwer” aanbid met die oortuiging dit is die ware Skepper-God nie!

Maar die instruksies wat Mosheh ontvang het vir die voorbereiding van afgesonderde salfolie (Ex. 30:22-25) was ook 'n hoogtepunt van belang! Hierdie salfolie was gebruik om alles wat יהוה afgesonder het mee te salf. Dit het die salwing van Aharon, die priesters, asook die tabernakel met al sy gebruiksartikels ingesluit.

Die Hebreuse woord vir *salf*, naamlik *om iemand te salf*, is *mashach* en beteken ook om met olie gevryf (gemasseer) te word. Daarom was die gebruik van salwe en olies deel van Yisra'el se daaglikse huishoudelike lewe, want dit het natuurlike bestanddele bevat en was vir kosmetiese, higiëne en medisinale doel aangewend. Maar die salfolie wat Mosheh deur 'n salfmenger laat voorberei het, was יהוה se 'formule' waarop Hy alleen 'die patentreg' het en mag daarom vir geen ander doel aangewend gewees het nie.

Maar *mashach* is ook die grondwoord vir *Messias, dié Gesalfde Een (Mashiach)* wat gekom het om die gebroekenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes (Jes. 61:1-2). Yeshua was die vleesgeworde onverdiende guns van God en Hy het die outoriteit en salwing ontvang om namens God op te tree soos wat in Matt. 11:5 en Luk. 4:18-19 bevestig word!

Hierdie week se Torahskriflesing begin met Mosheh wat die volk bymekaar roep om hulle te herinner aan die belangrikheid van die Shabbat!

Die Shabbat – 'n Eiland in Tyd.

Mosheh het die hele vergadering van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê wat יהוה hulle beveel het om te doen, naamlik:

“werk moet vir ses dae gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle afgesonderd wees, 'n Shabbat van volkome rus tot יהוה. Wie ook al enige werk daarop doen, moet doodgemaak word (Ex. 35:2).

God roep Sy volk, naamlik elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, elke Shabbat bymekaar om saam met Hom die Shabbat te gedenk!

Mosheh het die bevel om יהוה se Shabbat te gedenk herhaal, want in verlede week se Torahskriflesing was ons ook daaraan herinner om die Shabbat te gedenk en dit af te sonder as 'n ewige teken en verbond tussen יהוה en Yisra'el.

14 Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote.

15 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar 'n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet die dood sterf;

16 daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

17 Dit is 'n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra'el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.”
Ex. 31:14-17.

Die konsep van die tabernakel en van Shabbat moet as 'n eenheid gesien word. Die tabernakel is 'n afgesonderde plek in ruimte en die Shabbat is 'n afgesonderde plek in tyd! Dit wat יהוה as afgesonderd (heilig) verklaar het kan deur geen mens ongedaan gemaak word nie! Die mens kan dit wel minag, maar sal dan die gevolge dra!! Laat ons onthou dat die Shabbat is deur יהוה as afgesonderd verklaar!

Die Shabbat is יהוה, die Almagtige, se oomblik in tyd wat spesiaal opsy gesit word en waar Hy saam met die mens wil rus. Dit is 'n ewige instelling en deel van יהוה se skepping. Hy sal dit nie verander nie, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

Die betekenis van *gedenk (onthou), afgesonderd en seën* is sentraal tot hoekom ons die Shabbatgebod moet gehoorsaam. En dan die belangrikste: Die Shabbat is יהוה se afspraak met die mens!! Soos die feeste van יהוה volgens Levitikus 23 spesiale afsprake van יהוה met die mens is, net so is die Shabbat 'n spesiale afspraak in die week. Ons moet dus verstaan hoekom ons hierdie afspraak moet nakom en ook die geestelike waarde daarvan verstaan.

Eerstens moet ons verstaan dat die kalender waarvolgens die mens leef, bepaal word deur sekere natuurwette (wette van astronomie) wat deur יהוה vasgestel is. Dit bestaan uit dae, maande en jare. 'n Dag is die tyd wat dit die aarde neem om 'n 360° omwenteling op sy as te voltooi. 'n Maand is die tyd wat dit die maan neem om sy siklus van nuwe maan tot volmaan tot nuwe maan te voltooi soos dit om die aarde wentel. 'n Jaar is die tyd wat dit die aarde neem om een volledige omwenteling om die son te maak. Alles onveranderlike en meetbare natuurwette soos deur יהוה vasgestel is en beheer word.

Maar wat nou van die periode in tyd bekend as 'n week? Dit is nie 'n natuurwet nie! Nee, dit is deur God ingestel as 'n wet wat eie is aan Hom en nie direk deur een van Sy natuurwette bepaal word nie. Die sewe dae siklus bekend as 'n week gedenk geen astronomiese gebeurtenis soortgelyk soos 'n dag, 'n maand of 'n jaar nie. 'n Week gedenk net een gebeurtenis, naamlik die sewe dae van יהוה se skepping soos in Torah beskryf word.

יהוה het die periode in tyd bekend as 'n week (7 dae) uitsluitlik ingestel as herinnering aan Sy Skepping. Die sewende dag is 'n periode in tyd waar ons יהוה se skepping gedenk. Die Hebreëus vir gedenk (onthou) is *zakar* en is om iets, of 'n gebeurtenis, te onthou deur gepaste handeling. Daarom: Shabbat is die hoogtepunt van die weeklikse siklus. יהוה het die siklus van ses dae werk en die sewende dag van rus ingestel sodat die mens sy lewe daarvolgens kan beplan.

Die wêreld, insluitend die Christendom, rebelleer egter teen hierdie bepaling (wet) van יהוה en rebelleer dus teen die Almagtige. Mense beskou die Shabbatgebod as 'n beperking van hulle vryheid ten opsigte van handeldryf, sport en ontspanning. Die werklike waarde van gehoorsaamheid aan die Shabbatgebod word geensins verstaan nie, selfs nie deur die kerk nie. Hulle sien die Shabbat soos enige ander dag, maar met sekere moets en moenies wat deel van die wette van die ou verbond is en waarvan, so word geglo, hulle verlos is.

Die Shabbat is egter veel meer as net 'n dag van rus met sekere moets en moenies. Sou dit slegs bedoel wees as 'n fisiese rusdag, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Sou dit ook slegs 'n dag wees waar die mens aan sekere voorskrifte moet voldoen, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Maar יהוה die Skepper is baie spesifiek in dié dat Hy die **sewende dag** geseën en afgesonder (toegewy) het en ons beveel het om dit op gepaste wyse te gedenk. Dit wat die Almagtige geseën en afgesonder het, sal vir ewig geseënd en afgesonderd wees. Geen mens kan dit verander nie!!

Soos reeds genoem is die natuurwette en dus ook die siklus van dae (nag en dag) deur יהוה geskape (Gen. 1:3, 4 en 14-18). Hy het alles in ses dae geskape en op die sewende dag gerus van al Sy werk. Die sewende dag, die Shabbat, is dus deel van יהוה se skepping. Hy het ook hierdie dag “geskape”!!

Nou kan gevra word: Wat het יהוה gedoen na Hy op die sewende dag gerus het? Die antwoord is in Gen. 2:3!

en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het op 'n God-eie manier.

Let daarop: יהוה-God het die sewende dag geseën en dit afgesonder **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede יהוה op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het יהוה, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25)? Is dit die rede hoekom יהוה hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

Volgens Gen. 2:1-3 sien ons drie handeling (aksies) wat gepaard gegaan het met die skepping van die Shabbat, naamlik: יהוה-God het gerus op hierdie dag, Hy het dit geseën, en Hy het dit afgesonder.

Om te seën en af te sonder het 'n baie groter geestelike as fisiese betekenis, want יהוה het Sy goedheid en onverdiende guns (Sy seën) oor die sewende dag verklaar. Om te seën is om dit wat geseën word vry te maak van enige beperkinge en hindernisse. Die Shabbat is dus soos 'n eiland in tyd met onbeperkte geestelike potensiaal – meer as enige ander dag van die week. Dit is 'n dag wat geestelike vernuwing en geestelike “varsheid” bied wat meer is as wat enige ander dag van die week die mens kan bied. Hoewel die Shabbat ook fisiese rus aan ons liggame bied, is die geestelike belofte die vernaamste rede vir die Shabbatgebod. Luister na die woorde van die profeet Yesha'yahu:

13 As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat 'n vreugde, die afgesonderde dag van יהוה eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie,

14 dan sal jy vreugde vind in יהוה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want die mond van יהוה het gepraat.”
Jes. 58:13-14

יהוה het dus die Shabbat vir die mens gemaak (Mark. 2:27) sodat elkeen wat dit 'n verlustiging noem en dit gedenk deur dit af te sonder, oorvloedig geseën sal word. Die Shabbat is 'n eiland in tyd! Dit is 'n afspraak van die Vader met Sy kinders!

Dit is roekelose en blatante ongeskiktheid om nie יהוה se uitnodiging te aanvaar nie! In die dag van oordeel sal dit as getuienis dien teen elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van

God is, maar weier om die Shabbat te onderhou! Soos God deur die mond van Yesha'yahu gespreek het:

- 8 Gaan nou, skryf dit op 'n tablet in hulle teenwoordigheid en graveer dit op 'n boekrol dat dit kan dien in die toekoms, as 'n getuie vir ewig,
9 want hierdie is 'n rebelse volk, valse seuns, seuns wat weier om te luister na die instruksies van יהוה; Jes. 30:8-9.

Bepeins of Bespreek

1. יהוה-God roep Sy volk bymekaar om weekliks die Shabbat te gedenk en af te sonder! Wie roep die Christendom bymekaar om die eerste dag van die week – die dag wat aan die songod gewy was – te gedenk en dan nog op 'n wyse wat geen ooreenkoms toon met die voorskrifte van Shabbat nie? Maar dan ook sonder vrees dat diegene wat nie die Shabbat gedenk en afsonder nie, moet sterwe soos Ex. 31:15 en Ex. 35:2 verklaar! Eerstens verwys hierdie sterwe na die geestelike dood en dan na die fisiese dood van God se oordeel!
2. Hoekom het die Shabbatgebod so 'n verskilpunt geword? Hoekom is dit dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die Shabbat minag? Is dit wat die Afgesonderde Skrifte ons leer, of is dit die leerstellings van mense? Het die Shabbatgebod verander – die enigste van die tien gebooie wat deur יהוה die Almagtige herskryf is? Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooie moedswillig minag, nie die Koninkryk van God sal beërwe nie (Heb. 10:25-26).
3. Yeshua is Meester oor die Shabbat (Matt. 12:8) en Hy alleen het dus die reg om die Shabbatgebod te wysig. Aansluitend by punt 2 kan ons dan wel vra: Waar lees ons dat Yeshua die Shabbatsgebod verander het tot Sondag as “die dag van die Here”? Die geskiedenis is die bewys dat dit wel die pous van die Rooms Katolieke Kerk is wat die Shabbatgebod tot niet verklaar het en dit deur Son(dag)-aanbidding vervang het! Verwys [Les 8: Geskiedenis en Shabbat](#). Kyk ook na hierdie twee kort videos (6 minute):
 - Changing God's Law-Part 1: The Sabbath: <https://www.youtube.com/watch?v=yafg-FmV3u4>
 - Catholic Bishop confessed that they change the Sabbath from Saturday to Sunday: https://www.youtube.com/watch?v=cpOK_UH0TT4

En tog, ten spyte van wat die geskiedenis ons leer, en ongeag die waarskuwing oor die gevolge van die minagting van die vierde gebod, volhard die Christendom om die Shabbat te minag!! Hoe is dit moontlik? Is dit meer as net geestelike blindheid?

Nota: 'n Studie oor die Shabbat kan afgelaai word by: <http://nuwelied.info/?cat=11>

Hartsake

Nadat Mosheh die volk aan die Shabbat herinner het, het hy hulle weereens daaraan herinner dat יהוה van elkeen 'n gewillige en vrygewige hart verlang. Ons het reeds hiervan geleer in Ex. 25:1-7 en dit in parashah 19 en 20 bespreek. Nou in Ex. 35:4-9 herhaal Mosheh hierdie woorde van God!

- 4 Mosheh het met die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gepraat en gesê: “Dit is wat יהוה beveel en gesê het:

- 5 Vat vanuit julle 'n bydrae aan יהוה. Laat elkeen met 'n gewillige verstand, wil en emosie dit bring as 'n bydrae aan יהוה: goud, silwer en koper;
 6 blou, pers en bloedrooi materiaal, wit geweefde linne en bokhaar;
 7 rooigekleurde ramsvelle, dugongvelle en akasiahout;
 8 olie vir die lampstaander, speserye vir die salfolie en vir die reukwerk van speserye;
 9 oniksstene en stene om in te lê in die skouerstuk en die borsplaat.

Die bydrae (*terumah*) vir die bou van die tabernakel (*mishkan*) was dus 'n hartsaak, naamlik om volgens hartsbegeerte aan יהוה te gee sonder om die kosteberekening te doen. יהוה ontvang graag dit wat met 'n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word.

Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het 'n vreugdevolle gewer lief. 2Kor. 9:7.

Soos voorheen bespreek is, is die les wat ons hieruit leer dat die bou van die tabernakel 'n hartsaak van die hele volk was. Daarom moet die 'bou' van ons liggaam as tabernakel ook 'n hartsaak wees waar ons met blymoedige oorgawe ons liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God (Rom. 12:1). Maar die 'bou' van die liggaam (die gemeente) van Yeshua moet ook 'n hartsaak wees! Elke gelowige in Yeshua word bymekaar geroep om met 'n gewillige verstand, wil en emosie 'n bydrae te lewer!

In Ex. 35:5-29 word 'n lys gegee van alles wat Yisra'el kon bring vir die bou van die tabernakel. Let daarop dat dit was die egte, die kosbare en die duursame dinge wat hulle gebring het. Hierdie het egter nie net die materiële dinge behels nie, maar ook die gewilligheid om hulle kunsvaardigheid aan te bied vir die bou van die tent van samekoms. So lees ons byvoorbeeld in Ex. 35:25-26 aangaande die vroue:

- 25 Elke vrou wat kunstig was, het met haar eie hande gespin en dit wat sy gespin het, gebring: die blou, pers en bloedrooi materiale en die fyn wit geweefde linne.
 26 Al die vroue wie se wil en denke hulle opgewek het deur kunstigheid, het die bokhaar gespin.

Aangaande die manne lees ons in Ex. 36:1-3 die volgende:

- 1 B'tzal'el en Oholi'av en elkeen wat kunstig is, in wie יהוה wysheid en begrip gegee het om te weet hoe om al die werk tot diens van die Afgesonderde Plek te doen, moes dit maak net soos יהוה beveel het.
 2 Mosheh het B'tzal'el, Oholi'av en elkeen wat kunstig was, in wie se wil en verstand יהוה wysheid gegee het, geroep; elkeen wie se wil en verstand hom opgewek het om die werk te kom doen.
 3 Hulle het al die bydraes, wat die seuns van Yisra'el vir die uitvoer van die werk by die maak van die Afgesonderde Plek gebring het, vanaf Mosheh ontvang en hulle het oggend na oggend steeds vir hom vrywillige offergawes gebring.

Yisra'el se verlange na יהוה se Teenwoordigheid wat in hulle midde sou woon, was so groot dat hulle met blymoedigheid van die beste wat hulle besit het, gegee het, en eensgesind saamgewerk het om die tabernakel te bou. Hulle ywer en vrygewigheid was sodanig dat Mosheh bevel moes gee dat die volk moet ophou om offergawes te bring!

- 6 Mosheh het bevel gegee en hulle het dit deur die kamp bekend gemaak en gesê: "Laat geen man of vrou verder enige werk doen in verband met die bydraes vir die Afgesonderde Plek nie." Die volk is so teruggehou om te bring,

7 want die materiaal wat hulle gehad het, was meer as genoeg om al die werk te doen.
Ex. 36:6-7.

Het ons hierdie gesindheid van Yisra'el van ouds wanneer ons bely dat ons vandag individueel en korporatief die tempel van יהוה is? Gee ons met 'n vrygewige en blymoedige hart om die liggaam van Yeshua – God se geestelike tabernakel wat die fisiese tabernakel vervang het – te bou en te onderhou?

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Pet. 2:5.

Soos voorheen reeds bespreek is, is ons nou kinders van die familie van יהוה wat opgebou word op die fondasie van die apostels (afgevaardigdes) en die profete met Yeshua wat self die hoeksteen is. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה en 'n woning van die Gees van Afsondering!

19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van dié Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, dié Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19-22.

Hierdie afgesonderde tempel van יהוה wat gebou word, is die gemeente (die liggaam) van Yeshua. Soos Yisra'el van ouds moet ons elkeen ook met 'n blymoedige verstand, wil en emosie 'n bydrae aan יהוה bring vir die bou en vir die onderhouding van die gemeente. Hierdie bydraes behels 'n groot verskeidenheid noodsaaklikhede wat nie net finansies insluit nie, maar ook die hulp (bydrae) van mense met sekere bekwaamhede, kunsvaardighede en bedieninge..

11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,

12 om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dae in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een

13 totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van dié Gesalfde Een. Ef. 4:11-13.

Eerstens moet die gemeente as tempel van God geestelik versorg word totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van dié Gesalfde Een en met die gevolg dat:

14 Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
15 maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is

16 en vanuit Hom is die hele liggaam inmeekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word. Ef. 4:14-16.

Die volgelinge van Yeshua is die voortsetting van die gemeente van Yisra'el wat betrokke was by die bou van die tabernakel. Ons moet bereid wees om soveel van alles te gee sodat daar oorvloed is. Ons lees in Hand. 2:42-47 die volgende ten opsigte van die gemeente van Handeling:

42 Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam.

43 Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.

44 Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit

45 en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.

46 Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, geniet

47 terwyl hulle God prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daagliks, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg.

Die gesindheid van die volgelinge van Yeshua, naamlik van die gemeente, word vir ons verder beskryf in die tweede brief van Paulus aan die Korinthiërs, veral in hoofstukke 8 en 9. Dit is veral die gemeentes van Makedonia wat tot vandag die uitstaande voorbeeld is om met 'n gewillige verstand, wil en emosie 'n bydrae aan יהוה te bring.

1 Ons maak aan julle bekend, broers, die onverdiende guns van God wat aan die gemeentes van Makedonia gegee is:

2 onder baie toetse van stryd was hulle oorvloedig in blydschap en die diepte van hulle armoede is oorvloedig gemaak in die rykdom van hulle vrygewigheid,

3 want hulle was na vermoë, ek getuig dit, bo vermoë, uit hulleself gewillig.

4 Hulle het ons met groot erns gesmeek dat ons hulle geskenk en hulle deel in die bediening aan die afgesonderdes, moet ontvang

5 en het nie slegs gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulleself eers aan ons Meester geoffer en aan ons deur die wil van God,

6 waardeur ons Titos versoek het dat hy, net soos hy reeds begin het, net so ook by julle hierdie geskenk moet voltooi. 2Kor. 8:1-6.

יהוה het 'n volk deur Yeshua bymekaar geroep wat bereid is om soos die Makedoniërs eerstens hulself ten volle aan Hom te gee (Rom. 12:1-2), en tweedens, om 'n bydrae te maak sodat hy wat oorvloed het nie te veel sal hê nie, en hy wat min het nie tekort sal hê nie.

14 maar dat volgens gelykheid julle oorvloed hulle tekort kan aanvul in hierdie tyd sodat ook hulle oorvloed julle tekort kan aanvul en daar gelykheid is.

15 Soos geskrywe is: "Hy wat oorvloed gehad het, het nie te veel gehad nie en hy wat min gehad het, het nie tekort gehad nie," 2Kor. 8:14-15.

Hiermee het Sha'ul waarskynlik verwys na die insameling van die manna soos dit in Ex. 16:16-18 beskryf word.

16 Dit is wat יהוה beveel het: 'Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, 'n `omer vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent'."

17 Die seuns van Yisra'el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,

18 maar toe hulle dit met die `omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.

In F.B. Hole se *Commentary On The New Testament* verduidelik hy 2Kor. 8:1-8 soos volg:

The giving of the Macedonian believers was remarkable. Paul himself could bear witness that they gave according to their power. This in itself was a big thing. It means that having righteously discharged all their proper living expenses, they then gave up to the limit of their ability. They did more than this however. They gave beyond their power; that is, they denied themselves what might be considered proper living expenses in order to give to the Lord and His people. And this they did in the most willing-hearted way, begging Paul to accept the money and undertake the responsibility of having it distributed to the saints. They had caught the spirit that was exemplified when the tabernacle was to be made, and it was reported to Moses, "The people bring much more than enough for the service of the work, which the Lord commanded to make" (Exodus 36: 5).

Yeshua is ons voorbeeld wat ons moet navolg:

want julle ken die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het sodat julle deur Sy armoede ryk kan word. 2Kor. 8:9.

Yeshua het arm geword sodat ons rykdom in 'n hemelse koninkryk mag hê.

Opsomming: יהוה het ons as 'n koninklike Mealki-Txedek priesterorde bymekaar geroep om 'n bydrae te lewer tot Sy gemeente sodat ons nie meer kinders sal wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar sodat ons standvastig in liefde sal wees. Yeshua is die Malki-Tzedek Hoofpriester oor Sy gemeente en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word (Ef. 4:14 tot 16).

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua se bydrae was om alles van Homself terwille van ons te gee. Wat is ons bereid om terug te gee? Alles of net 10%? Yeshua was bereid om 'n dienskneg te word (Fil. 2:7)! Openbaar ons dieselfde gesindheid?
2. Beskou ons alles wat ons is en wat ons besit – hoe baie of hoe min – as die onverdiende guns van Vader en daarom as Sy eiendom?
3. Dit is vir Vader belangrik dat ons 'n bydrae moet maak om die wese en die weduwees te versorg – Jak. 1:27. Dit behoort die prioriteit van die gemeente te wees met die gebruik van tiendes! Doen ons dit? Doen die kerk dit? Onthou: יהוה is 'n Vader van die vaderloses en 'n regter van die weduwees! (Ps. 68:5). Wat het Yeshua ook vir die Fariseërs gesê aangaande wat die belangrikste is? Verwys Matt. 23:23!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.